Son 27 Sept(1Sam 2:2)
Almagtige God, aan U behoort alles. Niemand is soos U nie. Ons wil U aanbid met ons hele hart en denke. Stroop ons van alle skynheiligheid sodat ons gebede, lofprysing, gedagtes en lewe opreg en eerlik sal wees. Saam met die ganse skepping wil ons U lof verkondig. Maak ons bewus van U heiligheid.

Ma 28 Sept(Open 21:5)
Heilige God, dankie dat U alles nuut maak. Dankie dat U ons ook nuut gemaak het en dat U Heilige Gees steeds in ons werksaam is. Leer ons om nie net vir onsself te lewe nie, Laat ons besorg wees oor ons medemens. Gee dat ons getuies sal wees van die nuwe lewe wat U aan ons geskenk het en laat ander ook die nuwe lewe in U deelagtig word.

Di 29 Sept(Ps 18:17-25)
Grote God, wees asb met hulle wat in 'n donker put van ellende verkeer. Strek asb U hand uit en lig hulle uit die geweldige waters uit. Help mense wat teen sterk versoekings moet stry en nie staande kan bly nie. Wees asb met hulle wat moeilike take moet verrig wat vir hulle te swaar is. Lei hulle wat groot besluite moet neem. Troos hulle wat die gevolge dra van misdrywe waaroor hul berou het.

Woe 30 Sept(Joh 15:4)
Here Jesus, U het gesê dat ons in U moet bly sodat ons baie vrugte sal dra. Ons besef dat die vrugte wat ons dra nie volmaak is nie, maar ons bring dit in opregtheid na U toe met die gebed dat U die saad wat in die vrug is, sal gebruik tot U eer. Gee dat ander mense daardeur aangeraak sal word en dat U die lof sal ontvang.

Do 01 Okt(Ps139:23-24)
Ewige God, ons lewens gaan so vinnig verby. Daar is só baie om te doen, en ons het só min verrig! Help ons om ons tyd maksimaal te benut – om dinge wat vir U belangrik is te doen; om geleenthede wat U op ons pad stuur te benut. Sterk ons hiervoor na liggaam en verstand sodat ons U nie sal teleurstel nie. En dankie dat U altyd by ons is.

Vry 02 Okt(1 Tim 4:12)
Vader, die kinders en jongmense is vir ons so kosbaar. Die invloede wat op hulle uitgeoefen word is dikwels bepalend vir die koers wat hulle later inslaan. Seën asb die jeugbediening, lei die betrokkenes sodat hulle U Woord korrek aan die kinders sal oordra. Laat die kerk, die skool en die ouerhuis die plek wees waar die jeug van U leer.

Sat 03 Okt(Ps18:30)
Genadige God, dankie vir ons leraarspan wat U geroep het om in die gemeente en elders te werk. Dankie vir die geestelike hulpmiddels wat U tot hul beskikking stel. Dankie dat U hulle elke dag lei, bewaar en versterk. Dankie dat U Gees in en deur hulle werk en dat hulle U ken en liefhet. Aan U alleen al die eer, die lof en die dank.

V O L H A R D

Son 04 Okt(Matt5:7)
Here, dankie vir die Woordverkondiging vandag oor die hele wêreld. Seën asb elke erediens, oral waar U Woord gelees en oordink word. Ons bid ook vandag spesiaal vir die gesondheidsdienste. Wees asb met almal wat op welke wyse ookal betrokke is met navorsing, versorging en behandeling van siekes. Baie dankie vir mense wat soveel tyd opoffer en omgee.

Ma 05 Okt(Jes45:21-24)
Drie-enige God, saam met baie ander christene bid ons gedurende hierdie maand spesiaal vir die Moslems. Openbaar Jesus Christus aan hulle as die Seun van God. Laat hulle tot die besef kom dat Jesus die enigste Verlosser is, die Een wat die mens met God versoen. Gee aan hulle 'n begrip van U genade, vergifnis en liefde. Omvou hulle met U goedheid en seën hulle asb

Di 06 Okt(Joh 16:8-11)
Almagtige God, beskerm ons gemeenskap asb teen gevare, misdaad en geweld. Stuur asb engele wanneer dit nodig is om ons te beveilig. Ons bid vir almal wat reeds blootgestel was aan gewetenlose misdadigers en wat trauma beleef – genees hulle asb. Ons bid ook dat hierdie vlaag van misdaad gestuit sal word en dat misdadigers hulle sal bekeer.

Wo 07 Okt(Rom8:1-2, Rom 8:14)
Grote God, dankie dat ons in 'n persoonlike verhouding met U kan leef. Dankie dat ons nie meer onder veroordeling staan nie, maar in Jesus lewe deur die krag van die Heilige Gees. Dankie dat ons U kinders is en nie meer slawe van die sonde nie. Dankie dat ons deel is van U liggaam, U kerk. Dankie vir alles wat U vir ons gedoen het.

Do 08 Okt(Gal 5:22-25)
Here, gee asb aan ons die opregte begeerte om heilig te lewe en laat ons U Gees toelaat om ons gedrag te bepaal. Laat ons nie tevrede wees met die voorreg om gered te wees nie, maar laat ons ook die vrug van die Gees dra – liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Vr 09 Okt(Ps112:1-3, Hand 2:39)
Wonderlike en betroubare Here, dankie vir al die beloftes in die bybel dat U ons nageslag sal seën. Dankie dat U nie net vir ons nie, maar ook vir ons kinders sal sorg. Dankie dat ons dan nou ons kinders aan U kan opdra en met groot vrymoedigheid kan vra dat U hulle sal seën en dat U vrede met hulle sal wees.

Sat 10 Okt(2Kor 1:5)
Here, ons bid vir die vervolgde kerk. Daar is baie lande waar U nie openlik aanbid mag word en die evangelie nie verkondig mag word nie. Beskerm asb al U kinders in daardie lande, versterk hulle wat vervolg word en ter wille van U Naam ly. Ons bid dat U Heilige Gees hulle self sal bemoedig en standvastig sal maak.

V O L H A R D

GEBEDSPROGRAM: N.G. Kerk Waverley

VOLHARD IN GEBED

Sondag 6 September tot Sat 10 Oktober 2009

Dis heerlike lente!

Ja, dis alweer daardie uitbundige tyd van die jaar wanneer die splinternuwe blaartjies die kaal stamme van die bome elke dag bietjie meer en meer verkleur tot die hele boom spog met 'n varsgroen kleed. En die blomme! Wat 'n vreugde is dit nie! Die geur van jasmyn en katjie-piering wat laatmiddag in die lug hang! Die voëltjies is bedrywig en begin al van vroeg af sing. **Die natuur loof die Skepper**.

En skielik voel dit sommer of mens weer kans sien vir die pad vorentoe. Ons skep moed en kry planne om die probleme te hanteer. Ons het weer nuwe krag om ons dagtaak aan te pak. Selfs die ekonomie lyk bietjie beter... Ons kom met kreatiewe idees vorendag en is bereid om te waag. **Die lente het 'n manier om ook op mens se gemoed in te werk**.

As 'n verdere bonus het die gemeente toe boonop 'n nuwe dominee gekry! Die Here is waarlik goed vir ons. Ons hoop **ds. Attie, Renate en hul kinders** voel al tuis hier by ons en dat hulle baie gelukkig sal wees in ons midde. Ons glo dat die Here hulle met die hand uitgekies en na ons toe gebring het. Mag God met hul wees en die werk wat hul doen oorvloedig seën.

Dit sou egter eensydig wees om net die mooi prentjie van 'n vreugdevolle lentetyd te skilder asof alles nou goed en reg en sonder probleme is. **Ons weet dat daar ook baie gesinne en mense is wat swaarkry in hierdie tyd**. Daar is siekte, dood, hartseer, spanning, eensaamheid en trauma. Daar is mense wat juis in die lente wanneer almal om hulle bly voel, wanhopig raak omdat hulle nie dieselfde kan ervaar nie. Tog is daar steeds hoop, want God gee vir ons blydskap ten spyte van ons omstandighede. Hy gee vir ons daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan. Hy het ook belowe dat Hy altyd by ons sal wees. **Ons bede is dat almal wat swaarkry Sy liefde en genade sal ervaar en dat Hy die wat moedeloos is sal oprig en weer nuwe moed en krag sal gee**.

Seënwense.
Kobie. (Tel. 012 3332916)